VBO TAAKSPAN 2026

ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (ABR KODES vs VBO punte)

Predikante (Kode A)

'n Predikant is 'n gelegitimeerde wat deur 'n gemeente beroep en bevestig is. So persoon kry die benoeming van "Dominee" en kan net die ABR Kode van A gebruik indien hy/sy na 'n gemeente beroep is of daaraan gekoppel is (vgl. KO 2023, Reglement 11 punt 4). Dit geld ook vir predikante wat hulle bevoegdheid behou het (A09).

Proponent (Kode B)

'n Proponent is 'n persoon wat aan al die vereistes voldoen het en deur die Kerk gelegitimeer is. So persoon kry die benoeming van "Proponent" en is nog nie in 'n gemeente beroep en bevestig nie (vgl. KO 2023, Reglement 11 punt 3)

Emeritus (Kode C)

'n Emeritus is 'n predikant wat reeds die aftree ouderdom van 65 Jaar bereik het en uit diens getree het (vgl. KO 2023, Riglyn 5 en Reglement 16, punt 4). Sommige emeritus predikante kan ook in 'n vaste termyn pos beroep word en kan dien tot 70 jaar. Met die bereiking van 70 jaar, moet emeriti uit diens van die gemeente tree (vgl. KO, 2023, Reglement 16 punt 4.1)

Diensleraars en Standplaasleraars (Kode D)

'n Diensleraar is 'n wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer, georden en bevestig is om diens te lewer met 'n spesifieke opdrag, ooreenkomstig die terrein/e van opleiding. (vgl. KO 2023, Reglement 18). 'n Standplaasleraar is 'n persoon wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer, georden en bevestig is om 'n toegespitste diens te lewer binne die besondere konteks waarvoor hy/sy opgelei en beroep is; en wat 'n spesifieke bediening in 'n besondere konteks verrig, soos byvoorbeeld vir die Khoi-San, Dowes en Portugeessprekendes. (Reglement 18)

Data (ds status)	ABR1	ABR2	Kort naam	Beskrywing	VBO/ jaar	Nota
1	A	01	Predikant (Voltyds)	Predikant wat beroep is na 'n gemeente en voltyds in diens is (vgl. Reglement 13)	50	Eerste 3 jaar na legitimasie - 100 punte
2	A	02	Predikant (Tentmaker)	Predikant wat gekoppel is aan 'n gemeente, met geen wedersydse verpligtinge nie. (vgl. Reglement 16)	30	Eerste 3 jaar na legitimasie - 60 punte
3	A	03	Predikant (Vastetermynpos)	Predikant wat beroep is na 'n gemeente met 'n bepaalde termyn (voltyds of deeltyds) (vgl. Reglement 14)	50	Eerste 3 jaar na legitimasie - 100 punte
4	A	04	Voltydse Kapelaan	Predikant wat beroep is na 'n gemeente maar in diens van die Veiligheidmagte is	50	Eerste 3 jaar na legitimasie - 100 punte
5	A	05	Dosent (NG)	Predikant wat in 'n doseer pos is wat aan die NG Kerk gekoppel is en ook aan 'n gemeente gekoppel is	50	Eerste 3 jaar na legitimasie - 100 punte
6	A	06	Dosent (Ander)	Predikant wat in 'n doseer pos is wat nie aan die NG Kerk gekoppel is nie en ook aan 'n gemeente gekoppel is	50	Eerste 3 jaar na legitimasie - 100 punte
7	A	07	Predikant (Kerklike Pos)	Predikant wat beroep is in sinodale diens en/of kerklike poste bv. Bybelgenootskap/Kinderhuise/Sinodale poste	50	Eerste 3 jaar na legitimasie - 100 punte
8	A	08	Predikant (Deeltyds)	Predikant wat in 'n permanent pos na 'n gemeente beroep is maar op 'n deeltydse basis en ook ander beroep beklee. (vgl. Reglement 14)	30	Eerste 3 jaar na legitimasie - 60 punte
9	A	09	Predikant (Beroepbaar)	Beroepbare predikante wat bevoegdheid behou het na verlof van die ATR/ABR (asook in ander betrekkings)	50	Eerste 3 jaar na legitimasie - 100 punte
10	A	10	Predikant (Buitelandse Kerk)	Beroepbare predikante wat bevoegdheid behou het na verlof van die ATR/ABR (tans in erkende buitelandse kerk werksaam)	50	Eerste 3 jaar na legitimasie - 100 punte
11	B	01	Proponent (Voltyds)	Proponent in diens van gemeente (voltyds), maar nog nie beroep en bevestig/georden nie	50	Eerste 3 jaar na legitimasie - 100 punte
12	B	02	Proponent (Deeltydse/tydelik)	Proponent in diens van gemeente of kerklike verband (deeltyds) maar nog nie beroep en bevestig/georden nie	30	Eerste 3 jaar na legitimasie - 60 punte
13	B	03	Proponent in nie-kerklike werk	Proponent wat nie in kerklike diens is nie	30	Eerste 3 jaar na legitimasie - 60 punte
14	C	01	Emeritus (Werksaam)	Emeritus wat na die ouderdom van 65 in 'n vaste termyn beroep is en tot 70 jaar steeds in die bediening is.	30	
15	C	02	Emeritus (Uitgetree)	Emeritus wat na die ouderdom van 65 (of na 'n termynpos tot 70) geensins meer by 'n gemeente betrokke is nie	0	
16	C	03	Emeritus (Ouer as 70 jaar)	Emeritus wat na die ouderdom van 70 jaar steeds by 'n gemeente betrokke is as pastorale hulp	30	
17	C	04	Brugleraar	Emeritus wat in 'n vastetermyn beroep is as brugleraar vir 'n maksimum van 9 (nege) maande (vgl. Reglement 17)	30	

18	D	01	Standplaasleraars	Standplaasleraars wat vir 'n spesifieke missionale bediening opgelei is (bv. Dowes) (vgl. KO 2023, Reglement 18 punt 1.1)	50	Eerste 3 jaar na legitimasie - 100 punte
19	D	02	Diensleraar (Gelegitimeer)	Diensleraar wat gelegitimeer is, maar nog nie beroep is na 'n gemeente in sy/haar toegespitste veld van opleiding nie (vgl. Reglement 18)	30	Eerste 3 jaar na legitimasie - 60 punte
20	D	03	Diensleraar (Beroep)	Diensleraar wat gelegitimeer is, en deur 'n gemeente beroep is in sy/haar toegespitste veld van opleiding	50	Eerste 3 jaar na legitimasie - 100 punte
21	D	04	Bedienaars	Bevoegdheid by Ring	25	Eerste 3 jaar na bevestiging- 50 punte
22	E	01	Uitgetree	Persone wat deur die NG Kerk gelegitimeer is maar bevoegdheid as Bedienaar van die Woord verloor het, hetsy deur bedanking of 'n kerklike tugproses	0	
23	E	02	Na ander kerk	Persone wat deur die NG Kerk gelegitimeer is maar in diens van ander Christelike kerke getree het.	0	